Ultima Nuus Spesiale uitgawe

Februarie 2009

Ultima se wenspan

Heila Reinecke is reeds 17 jaar deel van die span. Sy sien toe dat die administrasiemasjien se wiele ge-olie bly. Die meeste van julle ken haar, en het al haar deeglike, analitiese en sistematiese manier van werk ervaar.

Heila se liefde vir mense is seker haar vernaamste eienskap. Sy is getroud met Dirk. Wanneer hulle tyd kry, hou hulle daarvan om in Limpopo te toer en te kamp, en hulle beplan ook om eendag daar af te tree.

Annatjie Lourens het 10 jaar gelede by Ultima aangesluit. Sy is verantwoordelik vir finansiële beplanning, voldoenings-vereistes, rekenaarnetwerke en belasting. Annatjie het 'n BCom-honneursgraad en het ook die gesogte CFP®-kwalifikasie verwerf.

Annatjie is getroud met Jacques, en hul dogters Carla en Lizé is die spil waarom hul lewens draai. Dit lyk of diè twee vir Jacques en Annatjie op amper elke terrein nadoen en selfs gaan oortref! Die gesin hou daarvan om op die familieplaas in die Oos-Kaap te kuier wanneer hulle 'n wegbreekkans kry.

Jean Wienand is nou twee jaar deel van die span. Haar administrasievaardighede en toewyding is welbekend. Jean hou van toer, maar sy ontspan ook graag by die huis.

Haar twee kinders, Hazel en Gavin, het uitsonderlik op akademiese gebied presteer. Nou ja, soos hulle sê, die appel val nie ver van die boom nie!

Jan-Carel Botha is deel van die finansiëlebeplanningspan. Hy het 'n graad in die Ekonomie, en het die uitsonderlike prestasie behaal deurdat hy die baie moeilike CFP®-kwalifikasie binne een jaar verwerf het. Jan-Carel is getroud met Maretha, 'n kranige fotograaf!

Hul seuntjie Oliver (sien foto) is 'n groot plesier maar soms ook 'n handvol, veral as dit by tuinmaak kom.

Gelukkig vir Ultima het Jan-Carel besluit om finansiële beplanning sy loopbaan te maak (in plaas van gholf waarin hy uitstekend is!). Hy werk nog aan sy muurbal – sy doelwit is om vir Gerrit te klop voor hy ouetehuis toe gaan!

Goeiemore, dis Ultima se kantoor, Heidi Saayman wat praat, hoe kan ek help? Baie van julle is reeds deur hierdie vriendelike woorde van Heidi begroet. Sy het onlangs deel van die span geword en help ook met die administrasie. Heidi se belangstellings is skilder en watersport.

Sy en haar man, Braam, en kinders, Andrew en Courteney, is lief vir die natuur en om die land plat te ry.

Nick Dekker, wat ses jaar se ervaring in finansiële beplanning by Ou Mutual het, het onlangs by ons begin. Nick se benadering is analities, en hy wy homself daaraan toe om uitstekende finansiële beplanning vir kliënte te doen.

Nick is getroud met Juanita. Hulle tweeling LD en Li-mari kry ook eersdaags 'n sussie by.

As gesin geniet hulle die buitelewe, soos sport, tuinmaak en jag.

Ultima is die breinkind van Gerrit en Regina. Regina is by die dag-tot-dag-bestuur van die maatskappy, asook finansiële beplanning, betrokke. Sy het 'n BSc-honneursgraad, en het ook die gesogte CFP®-kwalifikasie in 2005 verwerf.

Regina se ideaal is om mense te help om hulle volle potensiaal te bereik. Verder is sy by strategiese gebedsinitiatiewe betrokke wat veral op die transformasie van die stad en die land gerig is.



Gerrit is in 2003 deur *Personal Finance* en die *Financial Planning Institute* as Suid Afrika se finansiële beplanner van die jaar aangewys. Gerrit het sy eie weeklikse radiogeselsprogram op Impact 103, *Wealth Through Financial Planning*. Saam met Regina is Gerrit by gemeenskapsopheffings-projekte betrokke.

As gesin kuier hulle graag by Sanlameer. Hulle seun Francois (27) werk tans by Mxit in Stellenbosch, en Talitha (18) doen 'n diensjaar by *13th Floor*.

Wendy Martin het begin 2009 by ons aangesluit. Sy het 'n BCom in Beleggingsbestuur met lof verwerf, en is tans besig met haar honneurs in Finansiële Bestuur.

Wendy help vir Regina met die bestuur en administrasie van die kantoor.

Betty Shoba, ons kantoorassistent, is al geruime tyd deel van die span.

Betty bly in Kwa Mahlanga, en haar kinders, Mbali (10), Lungele (8) en Andile (3) is die vreugdes in haar lewe.

Betty hou daarvan om inkopies te doen, en daarom is Menlyn, wat net om die draai is, 'n groot aantrekkingskrag.